

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

TECHNIKA (ELEKTRIES) SG

TYD: 3 uur

PUNTE: 200

---

---

**BENODIGDHEDE:**

- 'n Goedgekeurde sakrekenaar en tekeninstrumente.

**INSTRUKSIES:**


- Beantwoord AL die vrae.
  - Sketse en diagramme moet netjies en duidelik wees.
  - Formules en berekening moet duidelik wees.
  - Formules en berekening moet, waar van toepassing, getoon word.
  - ? Lys formules wat gebruik mag word waar van toepassing, word op die laaste bladsy van hierdie eksamenvraestel verskaf.
- 
- 

**VRAAG 1**  
**ELEKTRIESE STROOMTEORIE**

- 1.1 ? Kring wat bestaan uit ? spoel met ? weerstand van 40 Ohm en ? induktansie van 0,14 H, word in series met 'n kapasitor van 49 mikro-Farad, aan ? 220 V, 60 Hz toevoer verbind. Bereken die

- |       |  |     |
|-------|--|-----|
| 1.1.1 | impedansie van die kring.                                      | (9) |
| 1.1.2 | totale stroom.   | (3) |
| 1.1.3 | fasehoek van die stroom, relatief tot die aangewende spanning. | (4) |
| 1.1.4 | spanningsval oor die spoel.                                    | (6) |

- 1.2 Bereken die Q-faktor van ? resonante serie resonante RLC-kring, waar  $R = 42 \Omega$  en  $L = 120 \mu\text{H}$ , met ? toevoerfrekwensie van 325 kHz. (6)



Figuur 1.1

- 1.3 Gebruik die fasordiagram in **Figuur 1.1** en bereken die volgende:
- 1.3.1 Die totale stroomvloeい (3)
  - 1.3.2 Die fasehoek (4)
  - 1.3.3 Die induktansie van die spoel in die kring (6)
- 1.4 Watter invloed sal ? styging in frekwensie op die stroomvloeい deur ? induktor in ? parallelle RLC-kring hê, met spesifieke verwysing na die impedansie van die kring? (2)
- 1.5 Wanneer sal die totale stroomvloeい in ? parallelle RLC-kring gelyk wees aan die stroomvloeい deur die weerstand (2)  
[45]

## VRAAG 2 EEN- EN DRIEFASE-STELSELS

- 2.1 Die meterlesings in ? sekere enkelfase-stelsel is:  
 $V = 250 \text{ V}$ ,  $I = 20 \text{ A}$  en die drywingsfaktor is 0,8 voorlopend.
- 2.1.1 Bereken die skyndrywing van die kring. (3)
  - 2.1.2 Bereken die effektiewe drywing van die kring. (3)
  - 2.1.3 Bereken die fasehoek tussen die stroom en die spanning. (2)

- 2.2 Noem EEN voordeel van ? driefasige wisselstroomstelsel bovenop ? enkelfasige wisselstroomstelsel. (2)  
**[10]**

### VRAAG 3 TRANSFORMATORS

- 3.1 Wat is die doel van silika-jel in die asemhaler van ? transformator? (2)
- 3.2 Groot transformators word in die verspreiding van krag gebruik. Die transformators word in ? spesifieke olie gedompel. Gee EEN rede vir die gebruik van hierdie spesifieke olie in transformators. (2)
- 3.3 ? Driefasige alternator verskaf krag aan ? driefasige delta-ster gekoppelde transformator. Die alternator se lynspanning en lynstroom is 11 kV en 5 A. Die transformator het 5 000 primêre windings. Die sekondêre lynspanning is 500 Volt met ? nalopende drywingsfaktor van 0,6. Bereken die
- 3.3.1 sekondêre fasespanning. (2)
  - 3.3.2 transformasieverhouding. (3)
  - 3.3.3 getal sekondêre windings. (3)
  - 3.3.4 primêre fasestroom. (2)
  - 3.3.5 sekondêre fasestroom. (3)
  - 3.3.6 uitsetdrywing. (3)
- [20]**

### VRAAG 4 WISSELSTROOMMOTORS

- 4.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen die sinchrone-spoed en die rotorspoed van ? wisselstroommotor. (2)
- 4.2 Die toevoer na ? 50 kW-driefasemotor is 380 Volt. Bereken die stroom wat die motor van die lyn sal neem as die rendement van die motor 80% by ? drywingsfaktor van 0,85 is. (6)
- 4.3 Noem TWEE moontlike oorsake vir die oorverhitting van ? elektriese motor op las. (2)
- 4.4 Bereken die glip, in persentasie, van ? vierpool driefase-induksiemotor. Die toevoer na die motor is 500 Volt, 50 Hertz en die rotorspoed is 1425 r/min. (6)
- 4.5 Teken ? netjiese, benoemde kringdiagram van die kapasitoraansitmotor. (4)
- 4.6 Noem EEN gebruik van die afgeskermde pool-induksiemotor. (2)
- 4.7 Wat is die doel van die tweede kapasitor in die kapasitor aansit- en loopmotor? (3)  
**[25]**

**VRAAG 5  
HALFGELEEIERS**

- 5.1 Teken die simbole van die volgende komponente:
- 5.1.1 NPN-transistor (2)  
5.1.2 Diak (2)
- 5.2 Onder watter voorspanningstoestande sal ? bipolêre transistor (NPN) korrek funksioneer? (4)
- 5.3 Noem EEN verskil tussen ? Zener-diode en ? konvensionele diode. (2)  
**[10]**

**VRAAG 6  
VERSTERKERS**

- 6.1 Teken ? netjies, benoemde kringdiagram van ? balansversterker. (8)
- 6.2 Watter klas versterking word in die balansversterker gebruik? (2)
- 6.3 Verduidelik aan die hand van ? kringdiagram hoe ? enkeltransistor gebruik kan word om ? sinusvormige golf te versterk. Teken die in- en afvoer golfvorms. (8)
- 6.4 Noem TWEE nadele van 'n transformator-gekoppelde versterker. (2)  
**[20]**

**VRAAG 7  
SKAKEL- EN BEHEERBANE**

- 7.1 Wat beteken die term **gereguleerde kragbron**? (2)
- 7.2 Verduidelik, met behulp van ? benoemde kringdiagram, hoe ? BSG (Beheerde Silikongelykrigter) die spoed van ? elektriese motor kan beheer. (10)
- 7.3 Noem TWEE veiligheidsmaatreëls wat in ag geneem moet word wanneer met kragtoevoere gewerk word. (2)
- 7.4 Noem EEN metode om ? BSG af te skakel. (2)
- 7.5 Teken ? eenvoudige kringdiagram van ? Zener-gereguleerde kragbron. (4)  
**[20]**

**VRAAG 8  
OPERASIONELE VERSTERKERS**

- 8.1 Teken ? netjies benoemde kringdiagram van ? differensieerkring wat van ? operasionele versterker gebruik maak. Illustreer alle toepaslike golfvorme. (10)  
[10]

**VRAAG 9  
OSSILLATORS**

- 9.1 Beskryf die volgende begrippe met betrekking tot ossillators:
- 9.1.1 Positiewe terugvoering (2)  
9.1.2 Tenkkring (2)  
9.1.3 Piëso-elektrisiteit (2)
- 9.2 Verduidelik die doel van die kristal in die kristalbeheerde Hartley-ossillator. (2)
- 9.3 Wat is die doel van ? ossillatorkring in ? kapasitansiometer? (2)  
[10]

**VRAAG 10  
REKENAARBEGINSELS**

- 10.1 ? Leerder word gevra om ? stroombaan te ontwerp wat uit drie skakelaars, A, B, C, bestaan en wat die stroom onder die volgende omstandighede sal deurlaat:
- Skakelaar A en C oop en B toe
  - Skakelaar B en C oop en A toe
  - Skakelaar A en C toe en B oop
  - Al drie skakelaars toe
- 10.1.1 Stel ? waarheidstabel vir hierdie stroombaan op. (8)  
10.1.2 Lei ? logiese uitdrukking vir die stroombaan af. (4)
- 10.2 Bewys met behulp van waarheidstabelle dat:
- $$A + B = A \cdot B \quad (6)$$
- 10.3 Teken die simbool van ? NEN-hek. (2)  
[20]

**VRAAG 11**  
**MEETINSTRUMENTE**

- 11.1 Teken ? netjies benoemde skets van arbeidsfaktormeter. (6)
- 11.2 Noem TWEE gebruik vir die ossiloskoop. (2)
- 11.3 Noem EEN metode wat gebruik word om afwyking in ? katodesstraalbuis te bekom. (2)  
[10]

**TOTAAL: 200**

## FORMULA SHEET/ FORMULELYS

$$X_L = 2 \pi f L$$

$$\cos \theta = \frac{R}{Z}$$

$$X_C = \frac{1}{2\pi f C}$$

$$Z = \frac{V}{I}$$

$$Z = \sqrt{R^2 + (X_L - X_C)^2}$$

$$Z = \frac{L}{CR}$$

$$F_R = \frac{1}{2\pi \sqrt{LC}}$$

$$F_r = \frac{1}{2\pi} \sqrt{\frac{1}{LC} - \frac{R^2}{L^2}}$$

$$f = \frac{\omega}{2\pi}$$

$$Q = \frac{X_L}{R}$$

$$t = R.C$$

$$f = \frac{1}{T}$$

$$V_R = I.R$$

### Star/Ster

$$V_L = V_p \cdot \sqrt{3}$$

$$V_L = I \cdot X_L$$

$$I_L = I_p$$

$$V_C = I \cdot X_C$$

### Delta

$$V_L = V_p$$

$$\frac{N_p}{N_s} = \frac{V_p}{V_s} = \frac{I_s}{I_p}$$

$$I_L = I_p \cdot \sqrt{3}$$

$$t = R.C$$

$$I_r = I \sin \theta$$

$$I_a = I \cos \theta$$

$$I_E = I_B + I_C$$

$$P = \sqrt{3} \cdot V_L \cdot I_L \cdot \cos \theta$$

$$I_c = \frac{V_{ce}}{R_L}$$

$$\cos \theta = \frac{P}{P_{apparant/skynbaar}}$$

$$S = \frac{N_s - N_r}{N_s}$$

$$\text{Efficiency / Rendement} = \frac{\text{Output / Uitset}}{\text{Input / Inset}}$$

$$\beta = \frac{I_c}{I_B}$$

$$N_s = \frac{f}{P}$$